

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2014

Preek 12

Lees: Fil.4:1-9

Teks: Fil.4:4,5b

Psalms: Ps.92:1,2; 92:3,4; 19:4; 92:5; 92:6,7

1. Inleiding:

Ek oordink vandag met u Fil.4:4 en 5, wat ons seker as **die kernteks** van die Filippense-brief kan beskou.

En dan staan ons stil by ‘n **skynbaar onmoontlike opdrag**: Verbly julle *altyd* in die Here! ‘n Verbysterende bevel, nie waar nie? Want is hierdie bevel nie minstens ewe onmoontlik as die opdrag: word gesond, nie? Hoe kan ons byvoorbeeld bly wees as ons deur die swaarste verdriet of ondraaglike kommer getref word? Ja, hoe kan ons dan nog lag?

My **tema** ter oordenking is: ‘n **onmoontlike opdrag deur God moontlik maak**. En dan let ons op twee punte:

1. die onmoontlike **opdrag** om altyd bly te wees; en
2. die **moontlikheid** daartoe.

2.1. Die onmoontlike opdrag

Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle. So beveel Paulus die gemeente van Filippi en die kerk van alle eeue.

Verbly julle **altyd!** Altyd - dit is 'n groot woord. Dit is 'n **alles**-omvattende woord. Ek bedoel maar: dit sluit **alle tye** en **alle omstandighede** in. Ons kan daardie **altyd** daarom vertaal met: **ten alle tye en onder alle omstandighede**. Die inhoud daarvan is dus: Verbly julle elke oomblik van julle lewe. Wat julle omstandighede ook al mag wees - of dit nou goed gaan of slegs gaan, of daar hartlike vreugde en of daar bitter leed, of daar oorfloed of skaarste is -, onder dit alles, verbly julle altyd in die Here!

En wat meer is: hierdie is 'n **bevel**. Dit is 'n opdrag van ons hemelse Generaal, die Here Jesus Christus, ons God en Koning. Dit gaan dus om 'n **moet**. Ons moet bly wees. Die Here wil dit van ons hê: sy volk moet 'n blye volk wees.

1. Maar wat maak Paulus, die **skrywer** van hierdie brief, met hierdie opdrag? Ons ken immers die uitdrukking: Practise what you preach - prediker, jy moet dit wat jy aan die mense leer, self ook in die praktyk bring. Ja, wat maak die apostel self met die bevel? Terwyl hy skryf: verbly julle, sit hy in die tronk in Rome. En - staar hy die doodstraf in die gesig! Wat doen hy dan? Huil hy? Is hy vol bitterheid en opstand? Nee, niks daarvan nie. Inteendeel, in hoofstuk 2 jubel hy: **Maar al word ek as 'n drankoffer uitgegiet oor die offer en die bediening van julle geloof, verbly ek my, ja, verbly ek my saam met julle almal** (v17).

En dit is ook nie die eerste maal dat dat ons hierdie geloofsvreugde by die apostel kry nie. Ook toe hy die eerste maal in Filippi gekom het, is hy in die gevangenis gewerp, hy en Silas. Maar wat hoor ons dan deur die tralies heen? Die blye tone van 'n loflied!

Dit bring onwillekeurig die vraag na vore: wat was die geheim van Paulus se blydschap selfs daar in die tronk?

2. Maar ons gaan verder: hoe was dit gesteld met die **lesers** van hierdie brief, die gemeente van Filippi? Uit die brief kan ons aflei dat hulle omstandighede haglik was: Hoofstuk 1 noem hulle stryd en lyding ter wille van hulle geloof (vv 27-30).

Nou weet u sekerlik teen hierdie tyd: Filippi was 'n Romeinse kolonie. So 'n kolonie was 'n Romeinse nedersetting in 'n oorwonne gebied. Ter wille van strategiese doeleindes is dit daar tot

stand gebring. Dit het dus grotendeels bestaan uit oud-soldate en daarom vanselfsprekend mense wat **Romeinse burgers** was.

As Romeinse burgers het die inwoners sekere regte gehad, maar ook seker **verpligtings**. Daar onder het geval die plig tot aanbidding en verering van die keiser.

Baie van die keisers het die titel van **here** vir hulself toegeëin: Die keiser van Rome was “here” oor die hele destydse wêreld en assonanig baie magtig.

Juis in die tyd waarin hierdie brief geskryf is, was die wrede keiser Nero aan bewind. Hy het eweneens die titel here vir homself toegeëin en op aanbidding en verering aangedring.

Dit kon die gelowiges van Filippi vanselfsprekend nie doen nie. Daarop het daar blykbaar hewige vervolgings teen hulle losgebars, want hulle optrede is as rewolusie beskou: Hulle het die keiser nie eerbiedig nie en op die manier die ryk ondermyn. Kan u u dit indink: wat ‘n leed, pyn, kommer en verdriet moes dit alles nie veroorsaak het in die lewe van hierdie mense nie.

En nou skryf die Heilige Gees juis aan hierdie mense: **Verbly julle altyd in die Here!** Verbly julle ook onder hierdie kruis in die Here !

En eweneens tot ons kom die Here met die bevel: in julle verdriet - verbly julle!; in julle kommer - verbly julle!; onder watter omstandighede ook al - verbly julle. En om alles te kroon, **herhaal** Paulus dit ook nog: verbly julle!

Hoe kan die Here dit van hierdie vervolgte gelowiges van Filippi verwag? Hoe kan Hy dit van ons eis as ons besoek word deur allerhande vorme van leed en verdriet ? Want blydskap is tog nie ‘n kledingstuk wat jy kan aantrek en uitrek net wanneer dit jou pas nie?

Ja, dit klink na ‘n **onmoontlike** opdrag. Maar dit bring ons by die tweede:

2.2. die moontlikheid daartoe

Maar vooraf eers dit: die **Bybel verwag nie van ons dat ons nie moet huil nie**. Inteendeel, selfs in die Bybel kom ons verdriet teë, soms selfs intense verdriet. Ook in die Heilige Skrif klink telkens weer klagtes op, soms selfs bittere klagtes. Ons hoef maar net die Psalms te gaan lees om te sien dat die Psalmdigters mense was net soos ons. En hoe het hulle nie gekla tot God onder die druk van die lewe en trane gestort in bittere leed nie ! . Om maar net enkele voorbeelde te noem: **Trane stort ek in my klagte**, sê die digter van Psalm 42. En in Psalm 6:2 sê Dawid: **Ek deurweek my bed**

met trane. En wat meer is: dit skryf Dawid en die kind van Korag onder inspirasie van God self, onder leiding van sy Gees. Maar die vernaamste van alle voorbeelde: Ons Here Jesus Christus self het geween by die graf van sy vriend Lasarus.

Die Bybel verbied ons dus nie om te huil van leed nie en die Woord leer ons allermens om verdrietig te wees. 'n Gelowige is allermens iemand wat sy oë sluit vir sy smart en maar op sy tande byt as hy swaarkry en maak asof die bittere nie bestaan nie. Ek laat my nie vertel dat Paulus gelag het toe die klippe op hom gereën het nie en dat trane nie in sy oë opgespring het toe die boeie van Filippi hom gedruk het en die houe op sy rug gereën het nie.

Die Here verbied ons dus nie om hartseer te wees nie - oor wat ook al. Maar wél leer die Woord ons om deur die sluier van trane heen **iets anders ook te sien**, iets anders as maar net ons moeites en ons swaar en ons aanvegtinge. Of laat ek liever sê: **IEMAND ANDERS! DIE SEUN VAN GOD! ONS HERE!**

Ja, Hy staan daar: in die midde van ons tranedal. En Hy staan nie net daar nie. Hy het ook daar gehang: aan die kruis van Golgota. Daar het Hy ons hartseer op Hom geneem. Hy was *die man van smarte* en bekend met krankheid (Jes.53). *Deur sy dood*, sê ons nagmaalsformulier, *het Hy die oorsaak van ons ewige honger en kommer, naamlik die sonde, weggeneem*. En toe Hy opgevaar het na die hemel, het Hy nog hier bly staan, want kort voor sy hemelvaart het Hy dit aan sy kerk belowe: *En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld* (Mt 28:20).

Sien u Hom daar staan, u wat verteer word van kommer oor die toekoms, u wat van radeloosheid nie weet waarheen met u kommerkind nie? Hoor u Hom sê: *Moenie julle kwel oor die lewe - wat julle sal eet of wat julle sal drink nie ... Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?* En u wat soveel hartseer het oor u sonde, sien u Hom ook staan? En hoor u Hom ook in sy Woord sê: al jou sondes is vergewe? En u wat so bitter verdriet het, omdat iemand wat u so baie lief gehad het nie meer daar is nie, weet u dat Hy wat daar langs u staan in u smart, weet u dat Hy die smarte van die dood ontbind het. En hoor u Hom ook sê: *En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal (in die nuwe Jerusalem) geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie* (Op 21:4)?

Ja, sien u u Here Jesus staan? Nee, dan is die trane nog nie weg nie, maar dan lag ons deur ons trane heen! Hy is die oorsaak van ons blydskap midde-in 'n see van verdriet. Hy was die geheim van Paulus se blydskap selfs in die tronk.

U begryp dus seker: dit gaan in ons teks **nie om 'n gewone blydschap nie**. Paulus sê nie maar net: Verbly julle, nie. Hy voeg iets daaraan toe. Hy sê: “**Verbly julle in die Here**”. En daardie woorde **in die Here** maak die wêreldse verskil. Verbly julle oor alles wat Hy vir julle gedoen het en nog elke dag doen.

Ag, hierdie gelowiges van Filippi het soveel kommernisse gehad. Nero, die man wat homself “here” genoem het, ‘n man met soveel mag, ja, die magtigste man in die destydse wêreld - die wrede keiser het gedreig om al hulle blydschap onder golwe van vervolging te verswelg.

Maar midde in die storm vestig Paulus hulle aandag op ‘n ander Here, dié Here: ons Here Jesus Christus. En die “here” Nero mag miskien magtig wees, maar die Here Jesus is veel en veel magtiger as hy. Aan Hom is immers gegee alle mag in die hemel en op die aarde! Hy waak oor hulle en daarom kan hulle altyd bly wees.

Die Here is vandag nog daar en Hy is nog ewe sterk en vervul met ewe veel sorg en liefde vir sy kerk ! Dink u nog daaraan?

Hierdie hele gedeelte draai om die woorde in v.5: **Die Here is naby**. Daar het u die groot geheim van ‘n Christen se vreugde dwarsdeur wat ook al heen. Dit is daarom belangrik dat ons by die betekenis daarvan sal stilstaan.

Die Here is naby – dit is ’n uitdrukking wat uit die Ou Testament kom. In Psalm 34:18 het ons ‘n verklaring van die uitdrukking die Here is naby, want daar sê die Psalmdigter: Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy **verlos** die wat verslae is van gees. Die Here se nabyheid beteken vir die gelowiges: Hy is met sy verlossing naby is.

1. In die **eerste plek** beteken die woorde **die Here is naby** dit: die Here is **noú met sy verlossing naby** ons: met sy dade. Hy laat ons nooit los nie. In die woorde van Matteus 28: Hy aan Wie gegee is alle mag in die hemel en op die aarde, is verlossend, bewarend by sy volk.
2. In die **tweede plek** beteken dit: Sy **wederkoms is naby**. Dit is daardie dag wanneer Hy ons **volkome** sal verlos. Daardie dag as Hy alle siekte en dood en trane sal wegneem.

In die Bybel word **die woord blydschap** op talle plekke aangetref en **steeds** staan dit **in verband met Christus en sy verlossingswerk**:

- * In die Ou Testament lees ons byvoorbeeld hoe die volk van God hulle verbly het in die Here en in sy reddende handeling. In Psalm 92:5 hoor ons byvoorbeeld: ***Want U het my bly gemaak, HERE, deur u dade; ek jubel oor die werke van u hande.***
- * En aan die begin van die evangelie van Lukas hoor ons die engel aan die herders sê: ***Moenie vrees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydschap...*** (Lk 2:10).

Dikwels word die woord *evangelie* vertaal met *blye boodskap*. En dit is reg. Dit is die verkondiging van Jesus Christus wat in die wêreld gekom het om sondaars salig te maak, wat die duiwel en die wêreld oorwin het en wat heers as Koning. Daar is geen blyer boodskap as dit denkbaar nie.

In die Grieks is die woord *blydschap* ook nou verwant aan die woordjie *genade*. Ons kan daarom gerus maar sê: Genade maak bly! God se genade in Christus Jesus is 'n onuitputlike bron van blydschap.

Ons moet God se genade in ons lewe raaksien. Ons moet Jesus sien staan. In die verband wil ek u die ontroerende verhaal van 'n blinde meisie vertel. Sy het naamlik die volgende uitleg van haar blindheid gegee. Sy het gesê: “ Dit gebeur soms dat 'n vader sy kind by die arm gryp en dan sy hand op die oë van die kind lê, om dan skielik later sy hand weg te neem en die kind een of ander verrassing te laat sien. So het God sy hand op my oë gelê en as Hy dit eenmaal wegneem, sal ek die mooiste sien wat 'n mens te siene kan kry. Dan sal ek sommer reg in die oë van God kan kyk”. Sy was blind, maar tog siende, want sy het Jesus sien staan in haar lewe en agter alles het sy sy hand gesien. Wie dinge so kan beoordeel, sal altyd bly wees.

Nee, van nature sien nie een van ons nie. *Dit* is 'n wonder van die Heilige Gees. Hy moet ons oë open vir die wonder van die kruis en vir die hand van die Here in ons lewe. En daarom is dit ook nie vreemd dat Paulus **blydschap** 'n **vrug van die Gees** noem nie (Gal.5:22). Hy is die Een wat ons aandag op Jesus, die Bron van ons blydschap, vestig. Daarvoor mag ons ook bid!

3. Slot

Aan 'n sekere teoloog is eenmaal die vraag gestel of Jesus ooit gelag het. Daarop het hy geantwoord: “Dit sou ek nie weet nie. Maar een ding weet ek wel: dat Jesus dit so gemaak het, dat *ek* weer kan lag.

AMEN